DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

22 Januarie 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. VREY**	**Aand**	**Ds. C.C.A. VREY**
Sing vooraf	Ps. 43: 3, 4	Sing vooraf	Ps. 1: 1, 2
Sing	Ps. 48: 1, 4	Sing	Ps. 48: 1, 5
	Ps. 139: 1, 12		Sb. 14-2 (74)
	Ps. 31: 17, 18		Ps. 34: 1, 8
	Ps. 90: 7, 9		
Skriflesing	Filippense 1: 27 – 2: 18	Skriflesing	Job 1: 1 – 2: 10 HK Sondag 10, Vraag 27
Teks	Filippense 2: 14-16	Teks	Job 1: 21 , Job 2: 9-10
Tema	'n Christen wat kla verduister die uitsig op die Vader en Christus	Tema	Net deur geloof kan 'n mens God se Vaderhand in elke detail sien
Katkisasie-opening: Skrifberyming 14-2 (74)			

2. ALGEMENE KERKNUUS

Beroepe aanvaar

- Proponent J Dunn (Johan) na Keetmanshoop/Mariental-kombinasie

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Preke

- Lidmate wat graag uitgedrukte preke wil ontvang, skryf asseblief u naam op die lys in die konsistorie. Daar is verskeie koste-opsies – kyk daarna en merk die toepaslike kolom op die lys. Betalings kan (in 'n gemerkte koevert) in die betalings kassie in die kantoor geplaas word of per EFT betaal word met die verwysing: PREKE+naam
- Alternatiewelik kan u weekliks die preke gratis per e-pos ontvang. Stuur asseblief 'n e-pos na die kerkkantoor (gkbellville@mwebbiz.co.za) om op die lys geplaas te word.
- Lidmate bo die ouderdom van 75 jaar kan uitgedrukte preke, asook die psalms en Die Loot in groot formaat, gratis ontvang. Skryf asseblief u naam op die lys in die konsistorie en merk die toepaslike opsie(s).

BOEKE

Die volgende boeke deur dr. Thinus du Plessis is weer beskikbaar. Skakel asseblief met sr. Martha Silvis (021 976 2842 of 081 854 2801) vir bestellings:

- Openbaring Bybelstudie R250
- Woorde veg in Karikatuur (digbundel) R100
- Koperson (digbundel) R100
- Sprokkelwoorde uit vertwêrde tye (digbundel) R100
- Goljuiter dra 'n houtbroek (onthoukronieke) R150

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 4:8 e.v. / Aand: Handelinge 4:11 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving - 083 642 0611)

DIENS VAN ORREL

Van Schalkwyk Orrelbouers is tans besig met die groot diens van ons orrel. Dit sal 'n paar weke duur en ons vra u geduld en samewerking tydens die proses. Ouers moet asseblief sorg dat kinders nie by die orrelpype, wat bo in die kerkbanke lê, sal peuter nie. Baie dankie!

GEMEENTEBRAAI

Ons jaarlikse gemeentebraai vind DV plaas op **17 Februarie** om 19:00 op die kerkterrein. Dit is 'n gemeente-aksie waar gesellig saamgekuier word, maar dien ook as 'n fondsinsamelings-geleentheid ter verstewiging van die Susterskas vir plaaslike gebruik en skenkings aan verdienstelike sake. Ekstra donasies is dus ook baie welkom. Ons hoop om u almal daar te sien!

Koste: R60 (¼ Hoender, Boerewors, Slaaie, Rolletjies & Konfyt), R45 (¼ Hoender, Slaaie, Rolletjies & Konfyt), R15 (Worsbroodjie).

Voltooi asseblief so gou as moontlik die deelnamelys in die teedrinklokaal. Betalings (EFT met die verwysing BRAAI+naam of kontant in 'n gemerkte koevert) moet asseblief die kassiere bereik teen 13 Februarie. Susters word ook vriendelik versoek om te help met die maak van slaaie. Vul asseblief die spesifieke lys daarvoor in. Diegene wat die funksie bywoon bring hul eie eetgerei en drinkgoed saam. By voorbaat dankie vir almal se samewerking.

GEMEENTEKAMP

Ons gemeentekamp vind DV plaas **31 Maart tot 2 April** by Mizpah naby Grabouw. Daar is 'n lys op die kennisgewingbord aangebring. Lidmate wat graag die kamp wil bywoon, skryf asseblief u

naam so gou as moontlik op. Dagbesoekers is ook welkom. Betalings (EFT met die verwysing KAMP+naam of kontant in 'n gemerkte koevert) moet asseblief die kassiere bereik teen 15 Maart. Vir meer inligting, kontak br. Willem de Haan (021 913 2511).

Koste: Kinders (6 – 16 jaar) R128.00 en Volwassenes R256.00. Kinders onder 6 is gratis.

HULP AAN SUID-SOEDAN

Ek neem die vrymoedigheid om namens die deputate vir ekumeniese sake die verslegtende toestand van ons medegelowiges in Suid-Soedan onder u aandag te bring. Die burgeroorlog daar stuur op 'n groter wordende ramp af wat derduisende mense haweloos en sonder kos laat.
Ek het van ds. Patrick Jok van die Sudanese Reformed Churches, met wie ons ekumeniese eenheid het, die volgende verneem:

"Things are getting more difficult as situation continues to worsen everyday in South Sudan. Our Reformed brethren in Malakal, Bor, Bentiu and Juba are hardly getting food in camps. Thus in consultation with South Sudan Council of Churches (SSCC) we are making relief appeal to Reformed Churches of South Africa. SSCC is a national council that brings members churches to stand together at difficult time. Therefore, we would like to appeal to you if you kindly us assist at this difficult situation that we are in South Sudan. Above all we need your prayers that we keep us strong in our Reformed faith."

Baie van die lidmate woon tans in VN-vlugtelingkampe onder haaglike omstandighede. Die finansiële hulp wat ons in 2014 kon verleen, het 'n verskil gemaak, maar is lankal uitgeput.
Ons vra vir u ernstige voorbidding en ondersteuning!

Malan van Rhyn (VDM)

LEWENDE STENE

Byeenkomste begin DV Vrydag, 3 Februarie met bybelstudie. Alle leerders van **Graad 7 tot 12** is welkom! Kontak asseblief vir sr. Deléne Vrey (084 602 1382) om op die *WhatsApp* groepie geplaas te word. Die onderwerp en ander inligting sal binnekort daarop deurgegee word.

MEELEWING

- Alex Taljaard (082 555 3380) het sy elmboog gebreek en is verlede week geopereer. Ons bid hom die seën van die Here toe vir vinnige herstel.

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: For our two new member candidates, Arno and Ockert (joining four others).
Prayer: For Bob, from the Congo, getting employment and off the streets.

SUSTERS

Saamtrek 2017

Die Gereformeerde Kerk Paarl bied DV Saterdag, **4 Maart** die Sustersaamtrek vir Klassis Boland aan. Volledige inligting is op die kennisgewingbord beskikbaar ten opsigte van plek, program, ensovoorts. Vul asseblief die deelname-lys in. Inskrywings sluit VANDAG en alle gelde moet asseblief teen 26 Januarie inbetaal wees. Plaas dit asseblief in die kassiere kissie in die konsistorie (in 'n gemerkte koevert) of doen 'n EFT met die verwysing SAAMTREK+naam.

Teeskinkbeurte

22 Januarie 2017: Bosbell / Hoheizen, (Marie de Haan), Goedemoed (Jethie Buys) en Kuilsrivier (Marthie de Klerk).
Woensdag 25 Januarie 2017 (Diakonale Vergadering): Chrismar (Julia van Wijk) en Stellenryk (Bianca Myburgh).
29 Januarie 2017: Boston 1 (Mariët Nijeboer) en Goodwood (Glaudi Goosen).

VAKATURE VIR KASSIERE

Lidmate wat belangstel om aansoek te doen, word versoek om met sr. Willina Cilliers (082 738 1809) in verbinding te tree rakende die pligte. Aansoeke sluit **3 Februarie** en kan aan die skriba gestuur word by skriba.gkbellville@gmail.com.

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Jaco Coetsee, Pieter van Niekerk, Riaan Janse van Rensburg, Stefan Bezuidenhout
Volgende week: Brs. Dirk Kruger, Eduard Roos, Lawrence Lombard, Marten Daling

Ouderlinge

Vandag: Brs. Wilhelm Groenewald, Gustaaf Costerus, Cassie Bester, André Coetzee
Volgende week: Brs. Elzar Wendt, Jaco Cilliers, Daan Joubert, Berend Meijering

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Ben Groot, Martin van der Walt
Volgende week: Brs. Niël van Hoving, André Costerus

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT VIR 2017

Januarie: 30/01 Glenlily
Februarie: 13/02 Parow-Vallei, 27/02 Boston 1
Maart: 13/03 Boston 2, 27/03 Bosbell & Hoheizen

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Skiereiland vir Christus	GK Elsiesrivier
By die deure:	Emeritus Mediese Hulpfonds	Bolandse Bedieningsfonds

VERGADERINGS

Diakonie

Woensdag om 19h00 in die konsistorie.

5. VERJAARSDAE

Vandag	Sr. Miems Swanepoel	021 558 2649 / 082 896 1355
23/01	Br. Willem de Villiers Sr. Susann du Plessis Sr. Magda Mostert	083 292 1160 021 558 0990 / 073 628 4937 021 982 0382 / 083 541 6959
24/01	Br. Jaco Coetsee Br. Thinus Hendricks Br. Ben Swanepoel Aneli van der Walt (16 jaar) Hannah Visser (8 jaar)	082 463 9388 021 987 0266 / 079 711 2059 083 685 9436 021 976 1223 021 903 5468
25/01	Sr. Rika Steyn	021 559 3913 / 083 723 7994
27/01	Werner Aucamp (18 jaar) Br. Ian Snyman Sr. Judy Venter	021 948 5471 / 083 552 6261 084 500 4885 021 558 4026 / 083 421 9302
28/01	Br. Karel Klindt Sr. Luna Ludeke Sr. Magda Roos Jaco Swanepoel (17 jaar) Br. Jeanre Taljaard Guillaume Uys (13 jaar)	083 564 9591 021 979 0783 / 082 567 4384 021 948 3233 / 082 214 9007 083 685 9436 082 922 7578 021 854 4874

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za